

maar nog voor 1830 word die loop van die Senegal en die Gambia deur reisigers nagevors, en tot by die Tsjadmeer word hierdie dele langsamerhand meer bekend. Gelyktydig word die groot streke waardeur die Niger en sy takstroom, die Benue, vloei, bereis. Reeds aan die end van die agtiende eeu het Mungo Park (1771—1806), die groot Skotse ontdekkingsreisi-ger, die Gambia opgevaar en oor land die Niger bereik, en manne met dieselfde geestesneiging en ondernemingslus uit verskillende nasies, Franse, Engelse en Duitsers, volg sy voor-veeld en wy hulle lewe aan die ontsluiting van Afrika se binneland. In 1882 ontdek Denham en Clapperton die Tsjad-meer, en sewe jaar later bereik René Caillé Timbuktoe.

Besonder belangrik was die reise van Barth, 'n Duitser (1821—1865). Hy het eers tevergeefs probeer om deur Algiers en Tunis en toe weer langs die Nyl op tot in die hart van Afrika deur te dring. In 1850 vergesel hy 'n ontdekkingseks-pediesie wat deur die Britse regering uitgestuur is, en van Tripolis uit dwarsdeur die Sahara die Tsjadmeer bereik het. Sy reisgeselle, Richardson en Overweg, sterf, en alleen deur-kruis hy verskillende kere die neêrlande van Bornoe op die Tsjadmeer tot in Timbuktoe en keer deur die woestyn terug na Tripoli. Na 'n afwesigheid van ses jaar was hy terug in Berlyn, waar hy deur kaarte en beskrywings die resultate van sy ontdekkings aan die wêreld bekend gemaak het.

Teen die end van die jare '50 en die begin van die jare '60 is veral van Sansibar uit die noordelike mere van Sentraal-Afrika en hulle omgewing ontsluit. Dit was die werk van manne wat deur die Britse Koninklike Aardrykskundige Genoot-skap uitgestuur is. In 1857 ontdek Burton en Speke die Tan-janikameer; in dieselfde jaar sien die laasgenoemde die groot binnelandse see, Victoria Nyanza, en in 1861 bereik hy met sy vriend die magtige neêrkoninkryk, Oeganda. In die tussentyd was 'n ander groot ontdekker besig om uit Kaïro, langs die Nyl op, die geheimsinnige oorsprong van hierdie rivier op te spoor. Dit was Baker; en sy vrou, 'n ewe groot entoesias as hy, het hom vergesel. Na ontsettende moeikhede dring hulle deur tot in die noordelike meergebied en ontmoet vir Speke, wat met 'n vriend, Grant, toe juis van Victoria Nyanza af kom. Dit blyk toe dat die Nyl uit hierdie meer vloei, en die eer van sy oor-sprong te ontdek het, was dus skynbaar vir Baker verlore, maar sy vrou en hy wou nie moed opgee nie. Daar moes ook 'n ander meer wees, waaruit die Nyl vloei, het hulle gemeen, en dié wou hulle ontdek. Deur byna ondeurdringbare moerasse en struikgewas het hulle voortgesukkel, somtyds in stromende

DIE VERDELING VAN AFRIKA.

reëns en dan weer onder die blakende tropiese son. Baker was eindelik so swak soos 'n riet, en sy vrou moes as gevolg van sonsteek in 'n bewustelose toestand vir sewe dae in 'n hangmat gedra word. Maar hulle moeite is beloon. Op 16 Maart 1864 kon Baker in sy dagboek skrywe: „The day broke beautifully clear, and, having crossed a deep valley between the hills, we toiled up the opposite slope. I hurried to the summit. The glory of our prize burst suddenly upon me! There, like a sea of quicksilver, lay far beneath us the grand expanse of water, a boundless sea-horizon on the south and south-west, glittering in the noonday sun, while at sixty miles' distance blue mountains rose from the lake to a height of about seven thousand feet above its level. It is impossible to describe the triumph of that moment; here was the reward of all our labour! England had won the sources of the Nile! I looked from the steep granite cliff upon the welcome waters, upon that vast reservoir which nourished Egypt, upon that great source so long hidden from mankind, and I determined to honour it with a great name. As an imperishable memorial of one loved and mourned by our gracious Queen, I called this great lake the Albert Nyanza. The Victoria and the Albert lakes are the two sources of the Nile!”

Van die grootste Afrikaanse ontdekkingsreisiger in hierdie tyd het ons eger nog nie melding gemaak nie. Dit was die Skot, David Livingstone. As 'n sendeling van die Londense Sendinggenootskap kom hy in 1840 na Suid-Afrika en gaan hom in Koeroeman by Moffat aansluit. Hy trou hier met Moffat se dogter, Mary, en wy hom aan sy werk as sendeling; maar die drang na ontdekking en politieke bedrywigheid was te sterk in hom om hom met die lewe van 'n Moffat tevrede te maak. Hy wapen b.v. die Kaffers om oorlog teen die Transvalers te voer, en in 1849 sit hy sy vrou en kinders op 'n ossewa en trek met hulle die onbekende binneland in. Hy bereik die Ngamiemeer, en keer terug na Koeroeman, maar in 1851 was hy met sy famielie weer op reis — om die Sambesie te sien. Hy vind die rivier, maar om ontdekkingsreise met vrou en kinders te onderneem, was te lastig en gevaarlik, en hy stuur hulle dus na Engeland. Sy eerste werk was nou om die loop van die Sambesie na te gaan. Hy besluit om met die bloop te begin en slaan 'n noordwestelike rigting in. So bereik hy in Mei 1854 die weskus by Loanda. Daar was net 'n Engelse oorlogskip in die baai, en die kaptein bied hom 'n plek daarop aan huistoe, na sy vrou en kinders en al die gemakke van die beskawing, maar Livingstone wou sy getroue Makolokaffers nie in die steek en sy werk onvoltooi laat nie. In September

'54 vertrek hy uit Loanda en na 'n jaar van baie ondervindings in die binneland bereik hy die Sambesie-watervalle. Hy meen dat hy die eerste witman is, wat hulle sien; maar soos ons weet, word beweer dat Karel Trigardt op sy noordelike tog twintig jaar tevore die valle ontdek het. In elk geval, Livingstone gee sy koningin se naam aan hulle en druk deur tot by Kilimane op die ooskus, vanwaar hy in Desember 1856 per skip na Engeland terugkeer. Veel eer is hom daar, asook in sy geboorteland en in Frankryk, bewys.

In Maart 1858 verlaat Livingstone weer Engeland om die betrekking van Britse konsul in Kilimane te aanvaar en sy ontdekkings voort te sit. In 'n stoombootjie wat hom saamgegee is, vaar hy die Sjiererivier op en bereik die Sjieremeer. Dit was in 1859, en voor die end van die jaar ontdek hy ook die Nyassameer. Sy briewe wék veel belangstelling in Engeland, en 'n aantal sendelinge kom vandaar om langs die Sjiererivier die lig van die Evangelie te versprei. Onder hulle was ook Livingstone se vrou, maar kort na haar aankoms sterf sy aan malaria. Haar dood was 'n geweldige slag vir die onverskrokke reisiger, en 'n tydlank was hy as verpletter, maar sy ou energie het hom weer gepak, en waaghalseerig soos altyd maak hy in 1864 'n reis na Bombaai in sy klein stoombootjie, die *Lady Nyassa*. Na 'n besoek aan Engeland begin hy in 1865 sy laaste groot reeks van ontdekkingsreise. Sy uitgangspunt was hierdie keer Sansibar, en hy wou die groot Sentraal-Afrikaanse waterskeiding gaan opspoor en die oorsprong van die Kongo ontdek. Jarelang het hy in die meergebied rondgereis, sendingwerk gedaan en wetenskaplike aantekenings gemaak, en eindelik was sy vriende in Engeland en Amerika baie onrustig oor hom.

„Waar is Livingstone?” was weldra die groot vraag van die dag, en in 1871 stuur die direksie van 'n groot Amerikaanse blad, die *New York Herald*, 'n man uit om hom te soek. Dit was Stanley. In Januarie 1871 verlaat hy Sansibar, en in November vind sy historiese ontmoeting met Livingstone by die Tanjanikameer plaas. Laasgenoemde het in die tussentyd die groot Loelabarivier, wat eintlik die bloop van die Kongo is, ontdek, en hy en Stanley staan na die rivier en kyk, en veronderstel dat die geheim van die oorsprong van die Kongo nou ook opgelos was. Met hierdie nuus keer Stanley dan na Europa terug, en groter as ooit was nou die belangstelling in Afrika, en in die eensame man, wat in die hart daarvan agtergebly het, want Livingstone wou nie sy werk weer deur 'n vakansiereis huistoe onderbreek nie. Hy wou veral graag seker-

DIE VERDELING VAN AFRIKA.

heid hê, of die Loalaba die Kongo is, maar hierdie vreugde het hy nie gesmaak nie. Verswak deur ontberings en koorsaanvalle beswyk hy eindelik in Mei 1873 in die omgewing van die Bangweolomeer. Sy begeleidende Kaffers, wat met bewondering en liefde tot hom opgesien het, het sy hart daar begrawe, en sy lyk het hulle honderde myle ver na die ooskus gedra. Vandaar is dit na Engeland gebring, en sy stoflike oorskot rus in Westminster Abbey.

§ 2. Die Jag na Afrikaanse Grondgebied.

In November 1874 onderneem Stanley sy tweede groot reis in die meergebied, weer met Sansibar as uitgangspunt, en hy voltooi Livingstone se werk. Hy vaar langs die Localaba af, en op 8 Augustus 1877 bereik hy die mond van die Kongo! Hy keer na Europa terug en vind dat hy 'n groot internasionale, politieke figuur geword het, want juis deur die werk wat hy en Livingstone gedaan het, is 'n geweldige koloniserende aktiwiteit in Europa in die lewe groep. Dit het veral van koning Leopold van België uitgegaan. Op sy inisiatief is na September 1876 'n groot Europese konferensie in Brussel gehou, wat tot die stigting van die Internasionale Afrikaanse Vereniging, met aparte nasionale komitees in die meeste Europese lande gevoer het. Stanley is onmiddellik by sy aankoms deur koning Leopold na Brussel uitgenooi, en hy het die raadgewer van die Belgiese tak van die Internasionale Vereniging, die Kongo-Navorsingskomitee, geword.

Van internasionale samewerking het intussen nie veel tereggekome nie. Die een staat wou die ander voor wees, en Stanley se groot werk tussen 1879 en 1884 was om na die Kongo te gaan en op soveel grond moontlik vir koning Leopold beslag te lê. Sy grootste opponente hier was die Franse onder 'n leier, De Brazza, maar ook die Portugese, eindelik enigszins uit die slaap wakker geskud, het met omvangryke aansprake voor die dag getree. Engeland onder Gladstone, wat selfs nie vir Gordon in Kartoem wou red nie, was minder aktief. Dis opvallend dat die groot Kongokonferensie van Februarie 1885, waarvan ons netnou meer sal hoor, op die vasteland van Europa gehou is. By Gladstone was hoegenaamd geen geesdrif vir koloniale uitbreiding nie, en vrugte wat Engeland uit die werk van manne soos Livingstone en Stanley kon gepluk het, is deur ander lande weggeraap. Met des te meer ywer het egter die konserwatiewe ministerie onder Salisbury na Junie 1885 aan die „scramble for Africa” deelgeneem.

Ook die Duitsers was by die jag na Afrikaanse grondgebied aanwesig. Die skepping van die Duitse ryk en die opkoms van die Duitse handel en industrie het dit moontlik gemaak, terwyl die aandeel wat Duitse sendelinge en reisigers aan die opening van Afrika gehad het, die nodige belangstelling in die lewe geroep het. Groot koloniale propagandawerk is op tou gesit, veral deur die Duitse „Kolonialgesellschaft," en Bismarck wat eers nog huiwerig was, is eindelijk oortuig geword dat hy deur oorsese gebiedsaanwerwing die Duitse sentiment moes streel en die materiële belange van Duitsland moes bevorder.

Met die suidelike weskus van Afrika het Duitsland reeds geruime tyd in verbinding gestaan. Teen die helfte van die neëntiende eeu het Duitse sendelinge in Damaraland en Groot-Namakwaland begin werk, en vanaf 1852 het die Hamburgse firma van Woermann daar en op ander punte langs die weskus handelsbetrokkings gehad. In 1868 klop die Duitse sendelinge noord van die Oranjerivier by die Kaapse goewerneur om beskerming aan. Nog die Britse nog die Kaapse regering was gereed om dit aan hulle te verskaf, en al wat eindelijk gebeur het, was dat sir Bartle Frere in 1878 Walvisbaai geannekseer het. In 1880 vermeerder die sendelingsmeekstemme om beskerming uit hierdie dele, en Bismarck nader verskeie kere die Britse regering oor die saak, maar Gladstone se antwoord was altyd, dat sy regering geen verpligtings in Damaraland en Groot-Namakwaland erken of sal aanvaar nie. In 1882 verskyn dan 'n Bremense koopman, Luderitz, daar langs die kus met die plan om handelsposte te stig, en hy vra Bismarck om sy onderneming onder die beskerming van die Duitse ryk te stel. Weer vra die rykskanselier die Britse regering, of hulle in daardie dele enige regte het, en toe hy sien dat hulle ontwykend antwoord en sy vraag dilatories wil behandel, deel hy aan Luderitz mee dat hy by die anneksasie van gebiede, waar geen ander moontheid regte besit nie, op die steun van die Duitse regering kan reken. Luderitz stuur daarop in 1883 'n agent uit om Angra Pequena (Luderitzbucht) in besit te neem en verdrae met die inboorlinghoofde in die binneland te sluit. Onder sekere kringe in die Kaapkolonie het 'n groot opskudding gevolg, maar Bismarck het nou die Duitse aansprake sterk ondersteun, en die endresultaat was dat tussen Junie en Augustus 1884 die hele kustreek van die Oranjerivier tot aan die suidgrens van Angola as 'n Duitse protektoraat deur die Britse regering erken is. 'n Gelyktydige poging van 'n Duitse koloniale entoesias om ook langs die suidoostelike kus van Afrika by Sint-Luciabaai gebied vir sy land te annekseer, is deur die

DIE VERDELING VAN AFRIKA.

vinnige ingryp van die Kaapse goewerneur verydel, maar die kolonie in „Suidwes” was behoorlik gegrondves, en van Britse kant gesien, was die gevaar voorhande dat die Duitsers van hier uit hulle grens tot aan die Transvaal kon uitbrei.

Dr. Nachtigall, die konsul-generaal van Duits-Wes-Afrika, het ook die geluk gehad om gedurende 1884 in Togoland en langs die Kameroenkus deur verdrae met inboorlinghoofde onbesette gebied onder die Duitse vlag te bring, en teen die end van die jaar doen ’n aantal Duitse awenturiers, daaronder dr. Peters, die eerste stappe tot die stigting van die groot Duitse kolonie in Oos-Afrika. Hulle moes baie versigtig wees, want die Britse konsul in Sansibar was wakker, en as daar grond in sy nabyheid te annekseer was, wou hy liefs vir Engeland daarop beslag lê, maar Peters en sy vriende het hom uitoorlê. Hulle het in die geheim van Sansibar na die vasteland oorgeglim, en vóór die Britse konsul weet wat hulle doen, het Peters ’n aantal verdrae met inboorlinghoofde gesluit, waarvolgens die hoofde onder die proteksie van die Duitse ryk geneem word.

Teen die end van 1884 het Duitsland dus in vier Afrikaanse kusstreke koloniale regte verworwe gehad, en op grond daarvan, asook omdat sy aansien in Europa so groot was, nooi Bismarek die ander Europese moondhede wat belange in Afrika het, na ’n kongres in Berlyn uit om tot ’n onderlinge verstandhouding betreffende hulle aansprake te kom. Dit was die groot Kongokonferensie, waarvan ons reeds melding gemaak het. Die belangrikste uitvloeisels daarvan was as volg: Die Kongo-gebied van koning Leopold se genootskap is so afgebaken, dat die mond van die Kongo ook daarin geval het en dit dus toeganklik was. Dit was veronderstel ’n neutrale, internasionale gebied te wees, maar Belgiese invloede het tog die hoofrol daarin gespeel, en in 1908 het dit ’n Belgiese kolonie geword. Die beginsel van vrye verkeer vir alle lande se skepe op die Kongo is neergelê, en dit sou ook vir die Niger geld. Verder is bepaal dat ’n aanspraak op Afrikaanse gebied op werklike besitname en besetting moet berus, maar die beginsel van sogenaamde invloedssfeer is ook erken.

Na die Kongokonferensie is die verdeling van Afrika betreklik gou afgesluit, en voor die end van die eeu was daar, afgesien van ’n paar oorblywende onafhanklike state, soos Marokko, Tripolis, Abessienië en Liberië, niks meer grond om te verdeel nie, en was die grense tussen die kolonies, protektorate en invloedssfeer van die verskillende lande taamlik goed afgebaken. Engeland het die grootste aandeel gekry, want,

soos gesê, die Engelse was na 1885 baie aktief (ons herinner ons b.v. hoe Kitchener in 1898 die Soedan verower en die Franse uitbreiding daar stopgesit het); maar Frankryk en België het ook nie sleg gevaar nie. Duitsland het te laat op die terrein verskyn om 'n eweredige ryk buit weg te dra; en Italië, wat ook eers later bygedraf het, moes met nog heelwat minder tevrede wees. Die Italianers het eers hulle oog op Tunis gerig, maar die Franse het hierdie prys voor hulle weggegryp, en die Italiaanse koloniale uitbreiding in Afrika was toe tot 'n streek langs die ooskus beperk. In die begin van die twintigste eeu is egter ook Tripolis op 'n manier deur die Italianers verower. Dit loon egter nie om die Europese kolonies en besittings in Afrika te probeer opsom nie. Daarvoor kan 'n kaart geraadpleeg word. As ons dan daarby onthou, dat die werklike ontsluiting van Afrika eers in die jare '50, '60 en '70 plaasgevind het, dan kry ons 'n indruk van die verbasende tempo waarmee die Europese imperialisme gedurende die laaste kwart van die neëntiende eeu in Afrika werksaam was. Dis hierdie tempo, nog verder deur die ontdekking van goud in die Transvaal verhaas, wat ons nou ook in Suid-Afrika gaan aantref.

HOOFTUK VI.

BRITSE UITBREIDING EN VEROWERING IN SUID-AFRIKA.

§ 1. Die Nek van die Bottel.

Toe die Vryheidsoorlog in die Transvaal uitbreek, het daar vier belangrike naturellehoofde langs en naby die wesgrens gewoon. Net noord van Griekwaland-Wes tref ons vir Mankoroane en Massou aan, eersgenoemde na die Kalaharie se kant toe, en laasgenoemde oos van hom. Verder noord by Mafeking woon Montsioa, en sy oostelike buurman was Mosjette. Die sendelingpad het in hierdie dele veral deur die lande van Mankoroane en Montsioa geloop, en hulle was Engelsgesind, terwyl Massou en Mosjette, wie se gebiede gedeeltelik binne die Transvaal gelê het, vriende van die Boere was. Dit het o.a. geblyk, toe Montsioa tydens die Vryheidsoorlog die ander hoofde wou opswep om teen die Transvalers te gaan veg, en Mosjette geweer het om dit te doen. As gevolg hiervan is die bestaande vyandskap tussen die twee noordelike hoofde verskerp en in Mei 1881 begin hulle teen mekaar veg. In hierdie stryd word Montsioa deur Mankoroane en Mosjette deur Massou gesteun, en die noordelike oorlog brei hom na die suide uit. Die vegtende partye soek nou bondgenote en vind hulle in blank vrywilligers. Die twee Engelsgesinde hoofde kry hulp van handelaars, vee-kopers en ander gebruikers van die sendelingpad, terwyl Mosjette en Massou deur grondbeloftes Boere-vrywilligers aanwerf. Toe gaan dit sleg met hulle opponente, sodat sir Hereules Robinson, die opvolger van sir Bartle Frere, in Februarie 1882 aan lord Kimberley moes kavel: „Montsioa en Mankoroane, wat altyd ons getroue bondgenote gewees het, loop gevaar om uitgeroei te word.” Hy gee daarby die skuld aan die Transvaalse regering, omdat die Boere-vrywilligers veral uit die Transvaal afkomstig was, maar die driemanskap ontken medeplegtigheid en sê dat die westelike onluste deur die slegte grensreëling van die koninklike kommissie veroorsaak word. As die lyn so getrek word, beweer hulle, dat Massou en Mosjette se lande heeltemal binnekant die republiek val, dan sal daar rus kom. Die Britse regering laat intussen nie vir Robinson toe om aan die oorwonne

hoofde hulp te verleen nie, en in 1883 stig die Boere-vrywilligers op grond, wat van Mankoroane en Montsioa verower was, twee republiekies, Stellaland met Vryburg as hoofstad, en Land-Gosen by Mafeking.

Die Transvaalse regering het hierdie ontwikkeling nie on-aangenaam gevind nie, omdat daar nou meer kans op rus langs die wesgrens was, asook omdat die waarskynlikheid van die uitbreiding van dié grens, om selfs die republiekies in te sluit, weëns die passiewe houding van Gladstone en sy kollegas in die verskiet gelê het. In 1883 dring president Kruger daarop aan, dat die Britse regering dié uitbreiding as 'n voldonge feit moet beskou. Die deputasie, waarvan hy die leier was, verkry egter nie die toestemming van Derby vir so 'n drastiese stap nie en moes met 'n geringe verskuiwing van die grens na die weste toe tevrede wees. Volgens hierdie reëling val Stellaland en Land-Gosen nog buite die republiek, en die vraag, wat van hulle sal word, bly onopgelos. Die liberale ministers in Engeland behandel die saak dilatories. Hulle wou geen uitbreiding van Britse verantwoordelikhede in Suid-Afrika gedoog nie, en tege-lykertyd wou hulle ook nie toelaat dat die Transvaal na die weste toe enige seggenskap uitoefen om die rus daar te handhaaf nie. Hulle lamlendige houding het die Britse imperialiste in Suid-Afrika bitter teleurgestel, en veral die delwers en kommersiële elemente van Griekwaland-Wes was bekommer. Die sendelingpad loop nou deur Boere-gebied, en daar was gevaar, dat die Stellalanders en die Goseniete vir die diamantgrawers en handelaars moeilikhede kon berei, want dit was nie in die belang van die Boere, dat die handelaars voortgaan om gewere en ammunisie aan die naturelle te verkoop en dat die Kaffers van die diamantvelde goed voorsien van vuurwapens terugkeer nie. Verder, die Duitsers maak reeds aanstalte om Damaraland en Groot-Namakwaland te annekseer, en die gedagte dat hulle deur die Kalahariewoestyn met die Transvaal aansluiting sou soek, was vir die Britse imperialis geen aangename nie. Dit was 'n kritieke tyd. Die groot kwessie van Britse opperheerskappy in Suid-Afrika het in die weegskaal gelê. In hierdie tyd tree Rhodes na vore.

Cecil John Rhodes is in 1853 in Engeland as seun van 'n predikant gebore. Voordat hy sy graadkursus aan die Universiteit van Oxford kon voltooi, het hy weëns sy swak gesondheid na Suid-Afrika gekom, en ons vind hom in 1870 in Natal, waar hy met een van sy broers 'n boerdery probeer drywe. In 1871 neem hy deel aan die groot „rush” na die diamantvelde, en op die delwerye ontplooi hy sy merkwaardige finansiële genie. Hy

sien lank vooruit dat die delwerpe myne gaan word, dat die walle wat tussen die „claims” gelaat word, sal inval, en dat wie oor kapitaal beskik, die rykste en mees-blywende vrugte van die diamantontdekkings sal pluk. Hy vorm dus ’n sterk maatskappy, en waar die „claims” instort, koop hy aandele op. So word hy die eintlike beskikker oor die De Beersmyn, waar met moderne masjinerie die produksiekoste verminder en verbasende skatte uitgehaal word. Voor die end van die jare ’70 was hy ’n baie ryk man. Daar was net één persoon in Kimberley ryker as hy. Dit was Barney Barnato, die joodjie wat in 1873 byna sonder geld daar aangekom het, en nou met sy maatskappy die fabelagtige ryk Kimberleymyn beheer het. Ook Barnato was ’n finansiële genie, waarskynlik ’n nog groter een as Rhodes, maar hy was niks meer as ’n geldman nie, terwyl Rhodes geld altyd slegs as ’n middel beskou het. Hy was ’n magtige persoonlikheid, ’n gebore staatkundige leier en ’n groot idealis, en sy lewensideaal was om die Britse heerskappy van die suide uit tot in die hart van Afrika uit te brei. Hy was ’n man van die daad, maar ook ’n dromer. Tiepies van sy idealistiese aanleg en deursettingsvermoë was o.a. die manier waarop hy sy akademiese kursus voltooi het. Af en toe keer hy na Oxford terug, waar hy in 1881 sy graad verwerf, en op die lang togte heen en weer oor die Karo sit hy op sy ossewa met ’n Griekse of Latynse werk voor hom oop; maar dikwels lees hy nie, want hy sien visioene. Hy sien hoe die Britse vlag ver na die noorde gedra word, langs die sendelingpad op die spoor van Livingstone, en hoe dit ook oor die hele Suid-Afrika waai. Vroeg in sy loopbaan het hy gesê: „Ek glo aan ’n verenigde Suid-Afrika, maar as ’n deel van die Britse ryk.”

Met sulke gedagtes en endplanne gaan hy in 1881 Barkly-Wes in die Kaapse parlement verteenwoordig, en hy ontmoet daar vir Jan Hofmeyr, naas ds. S. J. du Toit, die leier van die Afrikanerdom in die Kaapkolonie. Of hy ook van die groot kulturele ontwaking van die Afrikaanssprekende kolonialers, wat in die jare ’70 deur Nederlandse voorligters soos Pannevis en Hoogenhout in die ou Dietse kultuursentrum by die Pêrel voorberei, en deur S. J. du Toit, vandaar afkomstig, met sy koerant, *Di Patriot*, asook deur ander lede van *Di Genootskap van Regte Afrikaners* in die Eerste Afrikaanse Taalbeweging kragtig voortgesit is, veral nadat die anneksasie van die Transvaal in 1877 die Afrikanerhart ontroer en die triomfantlike uitloop van die Vryheidsoorlog die Afrikaanse volk met trots en nasionale selfbewussyn vervul het,—of Rhodes van hierdie agtergrond van die koloniale Afrikaners se nasionale ontwaking

destyds veel afgewees het, is te betwyfel, maar dat hulle op politieke gebied 'n magtige faktor geword het, waarmee rekening moes gehou word, het hy gou raakgesien. Hy vind dat hulle hul onder Hofmeyr en Du Toit in die *Afrikaner-Bond* organiseer, en hy sien die tyd nader, wanneer die Afrikaanssprekende Boer ook in die Kolonie sal regeer. Dit stem hom tot nadink en wek die begeerte by hom om die Kaapse Afrikaner tot vriend te hou, 'n begeerte egter wat nie alleen uit berekening gebore is nie, want Rhodes het op slot van sake die aanleg gehad om die Afrikaanse boerebevolking te verstaan en te respekteer. Hy was 'n man uit een stuk, sonder aanstellery, 'n veragter van gekunstelde konvensies en seremonies, groots maar eenvoudige in sy smaak en sy krag, en die natuurlike en rustige stabiliteit van die Boer, en sy eenvoudige maar kragtige uitkyk op die lewe, het hom aangetrek. Hy was in die begin van sy politieke loopbaan geen vyand van die Afrikanerdom nie; maar hoe graag hy ook uit berekening en neiging met Hofmeyr en sy partygenote in 'n vriendskaplike verhouding wou staan, één ding sou hy daarvoor nie prysgee nie. Dit was sy ideaal van Britse uitbreiding en opperheerskappy; en die eerste onontbeerlike vereiste vir die verwesenliking daarvan was in groot gevaar. „Die nek van die bottel,” die sendelingpad na die noorde toe, moes oopgehou word, en dit was nie meer oop nie.

In 1883 sê Rhodes in die Kaapse parlement: „I look upon this Bechuanaland territory as the Suez Canal of the trade of this country, the key of its road into the interior,” en hy probeer tevergeefs om die regering tot ingryp daar te beweeg. Grotendeels as gevolg van sy bemoeiing, weier Derby egter om die voorgestelde uitbreiding van die Transvaalse wesgrens toe te laat. „Nie 'n duim grond moet die Transvaal kry nie,” het Rhodes beklemtoon. „Part with the interior road, and you are driven into the desert,” was sy waarskuwing. En nou word sir Hercules Robinson eindelijk tog deur die Britse regernig toegelaat om 'n stap in Betsjoeanaland te doen — en hy doen 'n verkeerde stap. Hy stel vir John Mackenzie, die imperialistiese sendelingkollega van Moffat, as 'n soort van resident-kommisaris aan om by Mankoroane en Montsioa en onder die Stellalands en Goseniete die Britse gesag te verteenwoordig. Mackenzie het 'n hopelose mislukking van sy taak gemaak. Die Stellalands was gereed om by die Kaapkolonie ingelyf te word, maar hy wou daarvan nie hoor nie; Betsjoeanaland moes direk onder die Britse regering gebring word, was sy uitspraak, en hy wou die Boere daar weg hê. Met Montsioa en Mankoroane, wat gereedelik die Britse proteksie aanvaar het, het hy baie goed

gestaan. Hulle kon hul nou mos weer klaarmaak om verlore grond terug te wen; maar so sou daar nie vrede kom nie, en teen die middel van 1884 was die posiesie dan ook so beroerd, dat Mackenzie uit sy amp ontslaan is.

In hierdie tyd praat Rhodes sterk teen die „imperial factor” in Betsjoeanaland. Die betekenis van sy woorde moet nie verkeerd gedui word nie. Hy het gesien watter misoes Mackenzie van sake maak, en in sy angs, ook veroorsaak deur die uitroep van die Duitse protektoraat aan die weskus, wil hy van die inmenging deur die Britse regering, wat dinge verbrou, loskom, en ywer hy vir anneksasie deur die Kaapkolonie. Hoofsaak was egter vir hom dat die Britse vlag, deur wie dan ook daar gebring, in die „Suez-kanaal” moes gehys word, en toe die Kaapse regering nog altyd weier om energieke stappe in dié rigting te doen, slaan hy weer om en roep self die „imperial factor” in. Dit was toe hy Mackenzie se opvolger geword het. Met die Stellalanders kom hy nogal goed oor die weg, maar in Land-Gosen loop die dinge glad nie na sy sin nie. Hy vind hier dat Montsoia, wat dit gewaag het om vir Mosjette en die Goseniete aan te val, verpletterend verslaan is, en dat generaal Piet Joubert besig is om vrede te maak. Rhodes had geen troepe tot sy beskikking nie, en moes magteloos toesien dat ’n verteenwoordiger van die Transvaalse regering die vrede hier help dikteer.

In September 1884 neem S. J. du Toit, wat in die tussentyd die Transvaalse direkteur van onderwys geword het, Joubert se plek in, en hy begaan die groot fout om op versoek van die Goseniete die Vierkleur daar te hys en die republiek formeel by die Transvaal in te lyf. Volgens die Konvensie van Londen moes hierdie daad deur die Britse regering eers goedgekeur word om van krag te wees, en toe Derby dit afkeur, het Kruger onmiddellik die anneksasie gekanselleer, maar daarmee was die saak nie afgedaan nie. Rhodes en Robinson het al begin voel, dat die Britse prestige in Betsjoeanaland deur kragtige maatreëls verseker moes word, en toe Du Toit sy vlagtoneelstuk daar opvoer, en die Kaapse regering teen gewapende ingryping besluit, dring hulle by die Britse regering daarop aan om ’n militêre ekspediasie te stuur. Hulle vertoë is met sukses bekroon, en in Desember 1884 arriveer sir Charles Warren in Suid-Afrika om met 4,000 man die Britse „eer en mag,” soos Robinson dit uitgedruk het, in die noorde te handhaaf.

Warren se handelwyse was vir Rhodes alweer in baie opsigte teleurstellend. Hy het vir Mackenzie as raadgewer saamgeneem, en dat hy teenoor die Stellalanders ’n baie onsimp-

tieke houding ingeneem het, was dus vanselfsprekend. Hy het eindelik so ver gegaan as om hulle administrateur of president, Van Niekerk, op 'n valse aanklag van moord te laat arresteer. In 'n onderhoud met Kruger by Veertienstrome het hy 'n hooghartige en beledigende houding ingeneem. Hy beskou die Transvaalse president blykbaar as 'n ongeletterde barbaar, want nadat hy hom met groot militêre vertoon tegemoet gery het en na sy vertoë ten gunste van die Boere se verworwe grondregte in Land-Gosen nie wou luister nie, wys hy, in die veronderstelling dat dit vir hom 'n onbekende wonderwerk was, 'n heliograaf aan Kruger!

Vir die Goseniete was daar nog minder genade as vir die Stellalanders. Hulle moes almal trap. Daar was geen verset nie, maar Warren het aan Derby gekabel dat hy van gevare omring, en dat daar deur die hele Suid-Afrika anti-Britse same-swerings aan die uitbroei is. Vir wat Hollands was, het hy geen tyd gehad nie, en as hy en Mackenzie hulle sin kon gekry het, sou die Afrikaanse Boer heeltemal uit Betsjoeanaland uitgesluit geword het. Die arres van Van Niekerk, die minagting van die Stellalanders se grondregte en die rassehaat van Warren het vir Rhodes so in die krop gesteek, dat hy eindelik sy betrekking as kommissaris neergelê het. Robinson het probeer goedmaak wat Warren verbrou, en die uitvloeisels van die ekspedisie was op slot van sake tog so ongeveer, wat hy en Rhodes beoog het. Betsjoeanaland is in twee dele onder Britse gesag gebring. Die suidelike deel, van die Moloporivier tot aan die grens van Griekwaland-Wes, is tot 'n kroonkolonie direk onder die beheer van die Kaapse goewerneur geproklameer, terwyl die gebied noord van die Molopo tot aan die grens van Matabeleland 'n Britse protektoraat geword het. Die Betsjoeanaland-protektoraat bestaan vandag nog, maar die suidelike kroonkolonie is in 1895 by die Kaapkolonie ingelyf.

So is die Suez-kanaal na die noorde toe dan oopgehou, en Rhodes kon verder sy planne gaan agtermekaar sit.

§ 2. Die Stigting van Rhodesië.

Na 1885 het Rhodes hom vir 'n tyd op politiek gebied taamluk stil gehou. Hy het gesien hoe swaar dit gaan as 'n man planne het en nie sterk genoeg is om hulle uitvoering te forseer nie. Hy wou dus eers nog sterker word, d.w.s. ryker. Hy wou middels tot sy beskikking hê, waarmee selfs regerings gedwing kon word. In 1885 het hy 'n jaarlikse inkome van £50,000 gehad, maar dit was nie genoeg vir sy doel nie. Die hele geldmag van Kimberley moes georganiseer agter hom staan,

en die geldmag was verdeel. Barney Banarto was daar, en hy was ryker as Rhodes.

Die amalgamasie van al die diamantmaatskappye tot één groot trust was Rhodes se finansiële meesterstuk. Hy moes vir Barnato breek of wen. Breek kon hy hom nie; die weg van onderhandeling moes dus ingeslaan word. Nou was daar wel argumente ten gunste van amalgamasie, wat Barnato, die geldman, kon verstaan. Dit was b.v. duidelik dat konkurensie in die mark die prys van diamante sou afbring, en teen 'n amalgamasie, wat alleen bedoel was om produksiekoste te verminder en die verkoopprijs hoog te hou, het Barnato geen objeksie gehad nie; maar Rhodes wou veel verder gaan. Hy wou 'n organisasie hê waaruit fondse vir sy uitbreidingsplanne beskikbaar sou wees, en van 'n maatskappy, wat geld vir die verwesenliking van idealistiese droombeelde moes uitgee, wou Barnato nie hoor nie. En tog het Rhodes sy toestemming uiteindelik gekry. Dit het veel oorreding gekos, en eindelik 'n hele dag en nag daarvan aaneen. Die groot geldkonings was daar in dr. Jameson se onaansienlike huisie in Kimberley vergader, die twee kampioene met hulle eerste luitenants, Rhodes met Beit, en Barnato met Woolf Joel. Eindelik toe dit weer dag word, gee Barnato toe. Waarom, kon hy later self nie verstaan nie. Hy het gesê: „No one else in the world could have induced me to go into this partnership. But Rhodes has an extraordinary ascendancy over men. He tied me up, as he ties up everybody. It is his way. You can't resist him. You must be with him.” En toe dit nou klaar was, eis Barnato betaling: hy was nog nooit binne die Kimberley-klub gewees nie, waar lidmaatskap hom weëns sy herkoms, gebrek aan kultuur en eienaardige persoonlikheid nog altyd geweier was, en hy wil nou met Rhodes daar gaan „lunch.” Sy versoek word toegestaan, en na die maal sê Rhodes: „Well, you've had your whim. I should like to have mine which you alone in Kimberley can satisfy. I have always wanted to see a bucketful of diamonds; will you produce one?” Ook hierdie wens word vervul, en Rhodes steek sy hand in die emmer en laat die witglinsterende klippies deur sy vingers gly.

So kom die *De Beers Consolidated Mines* in 1888 tot stand, een van die wonderlikste maatskappye wat ooit gestig is. Dit was soos Rhodes dit wou hê, want in die akte van die maatskappy was bepaal dat die profyte ook gebruik kon word om sy skema van noordelike uitbreiding te bekostig, en vir ander doeleindes tot bevordering van die Britse ryk. Nou kon hy aangaan, en hy het nie gewag nie. Alles was na sy hand ook

in Engeland, waar Salisbury en Chamberlain as eerste minister en minister van kolonies geredelik na hom sou luister. En hy kon ook nie durf om te talm nie, want daar was gevaar dat Matabeleland 'n Transvaalse protektoraat kon word, en dan was al sy moeite om die deurgang na die noordelike binneland Brits te maak, ydel.

Die vinnige besetting van Matabeleland deur Rhodes staan in die nouste verband met Transvaalse uitbreidingsneigings. Hierdie drang tot ekspanie in die voorste Voortrekker-republiek was 'n lig verklaarbare verskynsel. Die noordelike veeboer en jagter wou altyd verder gaan om nuwe weiveld vir sy vee en nuwe jagveld vir homself te vind. Daarom het Massou en Mosjette dadelik so baie vrywilligers gekry; en nadat die westelike trekmoontlikhede deur Rhodes gesluit was, kon die Transvalers nog alleen na die noorde en ooste kyk. Nou was daar wel geen groot kans vir die Transvalers om na die kant van die Indiese Oseaan te koloniseer nie, want in Swasieland en verder oos was groot naturelle stamme woonagtig, maar Kruger het tog by voorkeur sy oog in dié rigting gewend, omdat hy die ideaal van die Trek in sy hele omvang wou handhaaf, — die Vryheid *en* die See! Hy wou die Vierkleur op die kus plant; hy wou 'n hawe hê, vry van Britse kontrole; en Kosibaai was skynbaar tot sy beskikking.

Die Transvaalse oorgrenskwessie het twee hoofelemente gehad, Swasieland en Kosibaai, maar hulle was innig met mekaar gekonnekteer. Die veeboere wou die weiregte wat hulle van die Swasiekoning gehuur het, verseker sien, en dit was dus om hierdie rede vir die Transvaalse regering van belang om oor Swasieland seggenskap te kry; maar nog ernstiger was hierdie noodsaaklikheid met die oog op Kosibaai, want 'n onafhanklike Swasieland was 'n ernstige hinderpaal op die pad daarheen. Nou moet daarop gewys word dat ons reeds in die goudperiode is, want in 1886 is die rykdom van die Witwatersrand ontdek; en in Swasieland was naas Boere met weilisensies ook goudsoekers met mynkoncessies. Tussen hierdie twee seksies was wrywing onvermydelik, en onder die omstandighede was dit duidelik dat die onafhanklikheid van Swasieland, wat in die konvensies van Pretoria en Londen gewaarborg was, nie op die duur gehandhaaf kon word nie. Die Natalse Shepstones, seuns van sir Theophilus, was baie ywerig om Swasieland onder Britse beheer te bring, maar sir Hercules Robinson het geen dringende noodsaaklikheid hiervoor gesien nie, en buitendien wou hy Kruger se oostelike aspirasies gebruik om 'n groot plan deur te voer, nl. om die Transvaal tot aansluiting by die Suid-Afrikaanse Tolunie te beweeg. Wat hom betref, kon Kruger

sy hawe kry, mits egter die Transvaal sy ekonomiese onafhanklikheid prysgee. Kruger daarenteen was na die begin van 1886, toe die republiek deur die opening van die goudmyne uit finansiële moeilikhede verlos was, nie gereed om tot die Tolunie toe te tree nie. Lang onderhandelings het gevolg, wat in 1890 in die tyd van sir Henry Loch, sir Hercules Robinson se opvolger, op die eerste Swasieland-konvensie uitgeloop het. Die uitslag was dat Swasieland, wat die belange van die blankes daarin betref, onder die dubbele kontrole van Engeland en die Transvaal gestel is, en dat Kruger die versekering gekry het dat, as die Transvaal by die Tolunie aansluit, die Britse regering sy voorstelle in verband met Kosibaaï gunstig sal oorweeg. Van Kruger se droom van 'n hawe het egter niks gekom nie. Die Britse regering het eindelijk die onderhandelings in verband daarmee kort afgesny deur in 1895 die hele kusstreek oos van Swasieland te annekseer. Al wat van Kruger se oostelike uitbreidingsplanne in 'n verwesenlikte vorm oorgebly het, was die terugtrek van die Britse aansprake in Swasieland, wat 'n Transvaalse protektoraat geword het. Die was g'n groot aanwinst nie, en 'n duur prys is daarvoor betaal, want met sy oog op Kosibaaï het Kruger die Transvaalse uitbreiding oor die Limpoporivier na die noorde toe stopgesit. Die geskiedenis hiervan bring ons weer by Rhodes.

In 1868 is die Tatigoudvelde op die grens tussen Matabeleland en Masjonaland ontdek, en sedert die tyd was goudsoekers en konsessiejagters taamlik bedrywig in daardie dele. Die Tati-streek het eintlik buitekant die land van Lobengoela, die Matabele-opperhoof, geval, maar hy het hom nie veel oor die regte van die Masjonas bekommer nie, en hy was gewillig om konsessies te verleen binne en buite sy grense, maar tot die end van die jare '80 was dit veral Transvaalse veeboere en jagters met wie hy onderhandel het. In 1887 sluit Grobler, 'n afgesant van die Transvaalse regering, 'n verdrag met hom, en die republiek kry die reg om 'n resident na Lobengoela se kraal te stuur wat oor die belange van die Transvaalse onderdane, aan wie vry toegang en verkeer verseker word, in sy gebied 'n wakende oog sal hou. Toe hierdie nuus Rhodes bereik, het hy geweldig geskrik. Hy kry die goedkeuring van sir Hercules Robinson en stuur vir Moffat, 'n seun van die ou sendeling, om Grobler se werk ongedaan te maak. Moffat slaag daarin om in Februarie 1888 vir Lobengoela 'n verdrag te laat teken, waarvolgens hy beloof om geen grond af te staan en geen verdrag met 'n ander staat te sluit sonder die goedkeuring van die hoë kommissaris nie. So kry Rhodes 'n opsie op Matabeleland, en in Oktober 1888 beklank hy dit. Drie van sy vriende,

Rudd, Maguire en Thompson, verkry van die Matabelekoning 'n konsessie, „granting them exclusive power over all metals and minerals situated and contained in his kingdoms, principalities and dominions,” en wat aan hulle die reg gee om alle ander konsessiesoekers uit Matabeleland uit te sluit. In ruil hiervoor ontvang Lobengoela 'n salaris van £100 per maand, 1,000 „rifles,” 100,000 patrone en 'n gewapende stoomboot op die Sambesierivier. Maar wat dan van die Grobler-traktaat? Daarvolgens het die Transvalers tog die posiesie van meesbegunstigde nasie in Matabeleland verwerf, en kon geen vreemdeling hulle daaruit weer nie. Rhodes het natuurlik vir Lobengoela omgekoop om op sy woord terug te gaan, en in 'n onderhoud met Kruger het hy en Robinson laasgenoemde beweeg om in die verkragting van die Grobler-verdrag te berus. Die ewentuele verkryging van Kosibaai is as prys voor die oë van die Transvaalse president gehou, en hy het daarop gemik, nie-teenstaande die voorwaarde, wat daaraan verbind was, nl. aansluiting by die Tolunie. Hierdie voorwaarde was hy waarskynlik nooit van plan om aan te neem nie, maar hy wou sy kans af wag. Dit was op slot van sake 'n diplomatieke spel tussen Kruger en die hoë kommissaris, wat vir die Transvaal ongunstig afge loop het, omdat die Britse regering die mag had om aan die onderhandelinge 'n end te maak en Kosibaai eenvoudig te annekseer.

In die tussentyd het Rhodes die *British South Africa Company* gestig en van die Britse parlement 'n oktrooi daarvoor gekry (1889). Groot magte is daaronder aan die maatskappy gegee. Dit kon die binneland na die noorde toe koloniseer, en alle regeringsmagte daar uitoefen, b.v. verdrae sluit, wette maak, regspraak, die land administreer, grondregte en minerale konsessies uitreik, 'n poliesiemag aanhou, ens. Die Britse pers het die onderneming toegejuig, en die miljoen pondaande wat die kapitaal uitgemaak het, is gou opgekoop. Die De Beers-Maatskappy het vir 200,000 ingeskryf.

Die „Chartered Company” het dadelik sy operasies in Masjonaland begin. In 1890 is Salisbury aangelê, en baie pioniers het ingestroom, nie alleen om goud te soek nie, maar ook om te boer. Nou sien die Matabeles dat die Witman gekom het om te bly, en dit was gou duidelik dat 'n oorlog sou moet beslis, wie in ons noordelike binneland die baas sou wees. „Ek het gedag julle kom om goud te grawe,” het Lobengoela gesê, „maar nou blyk dit dat julle my land wil steel.” Rhodes was in hierdie tyd eerste minister van die Kaapkolonie, en sy vriend, dr. Jameson, het as administrateur die leiding in Salisbury gehad. In Julie 1893 telegrafeer Jameson aan hom dat die Matabeles moorddadige struiptogte uitvoer, en hy stel voor om

hulle te straf. Rhodes sein terug: „Read Luke XIV, 31” („Of watter koning, as hy teen ’n ander koning wil oorlogmaak, gaan nie eers sit en bereken nie, of hy met tienduuisend dié wat met twintigduisend teen hom optrek, sal kan ontmoet?”) Jameson antwoord, hy het die skriftuurplaas nageslaan, en dis alles reg. ’n Paar maande later begin die oorlog, en Jameson met die manskappe van die *Chartered Company*, vrywilligers en polisie, gesteun deur imperiale troepe uit die Betsjoeanaland-protektoraat, verslaan die Matabeles en druk deur na die koninklike hoofstad, Boeloewajo. Lobengoela het intussen gevlug, en ’n klein afdeling van Jameson se mag onder kaptein Wilson, wat hom agterna gesit het, is deur sy lyfresjimente oorrumpel en uitgedelg, maar vir die res het die veldtog vir die blanke baie gunstig afgeloop. Ook in Matabeleland was die *Chartered Company* nou oppermagtig, en Boeloewajo het die regeringsetel geword. Lobengoela sterf ’n paar maande later, en die Matabeles onderwerp hulle. Drie jaar later, in 1896, maak hulle weer ’n poging om hulle ou vryheid terug te wen, maar die opstand is neergeslaan, en Rhodesië (die naam is in 1895 aan die oktrooigebied gegee) was oop en veilig vir blanke kolonisasie. Veral Suid-Rhodesië, d.w.s. die deel suid van die Sambesie, het baie immigrante getrek, en sedert 1898 het hulle trapsgewyse seggenskap in die regering gekry. Die mag van die *Chartered Company* daar is ’n paar jaar gelede heeltemal opgehef, en Suid-Rhodesië het ’n selfregerende kolonie geword.

§ 3. Onderwerping van die Transvaal en die Vrystaat.

(a) *Die Voorbereidings.* Die konflik tussen Rhodes en Kruger vorm die hoofinhoud van ons geskiedenis gedurende die laaste twintig jaar van die neëntiende eeu. Dit was ’n stryd tussen twee ideale, en agter elkeen was groot kragte werksaam. By sy strewes om van Suid-Afrika ’n ekonomiese en politieke eenheid onder die Britse vlag te maak, het Rhodes die steun van die georganiseerde geldmag en die imperialistiese Britse sentiment gehad, terwyl Kruger op die kinders van die Voortrekkers noord en suid van die Vaalrivier kon reken in sy verzet teen alle aanvalle op hulle vryheid. Ook die ontwaakte nasionalisme van die Kaapse Afrikaners het die kant van die republieke gekies. Die lied:

„Waar Tafelberg begin, tot ver in die Transvaal,
Woon een verenigd volk, ’n algemene taal.”

wat ’n produk van die eerste Afrikaanse taalbeweging was, het aan ’n wydgevoelde sentiment uiting gegee, en sy verontag-

saming daarvan het Rhodes se val veroorsaak. Dit het egter eers later gekom.

Die imperialistiese aggressiwiteit teen die republikeinse vryheid na 1880 moet in twee periodes verdeel word. Gedurende die eerste periode, wat in 1890 afgeloop was, is alle kans op uitbreiding vir die Transvaal afgesny. Die republiek is ingesluit. By hierdie insluitingspolitiek het Rhodes 'n baie belangrike rol gespeel. Die dryfkrag het veral van hom uitgegaan. Met die oog op die sentiment van die bo-aangehaalde lid is dit dan enigsius vreemd dat hy na 1890 nog altyd baie goed met die Afrikaner-Bond gestaan het. Met die steun van hierdie organisasie het hy b.v. in 1890 eerste minister geword, en ses jaar lank het die Bond hom op die kussings gehou. Dat die koloniale Afrikaners vir Rhodes gedurende die eerste helfte van die jare '90 bly aanhang het, is egter maklik verklaarbaar. In die eerste plek moet onthou word dat die bestaande inwendige vryheid van die republiek nie deur Rhodes se insluitingspolitiek aangetas is nie, en verder moet daarop gewys word dat hy in hierdie tyd duidelik besig was om die materiële welvaart van die Kolonie te bevorder. Die oophou van die noordelike handelsweg was in die belang van die Kaaplanders, en vir die Boere van die binneland was dit van groot betekenis dat Rhodes 'n sterk ondersteuner van spoorweguitbreiding was. 'n Groot deel van hierdie uitbreiding het wel plaasgevind, voordat hy eerste minister was, b.v. die verlenging van die Kaapstad-Wellington-lyn na Worcester ('76), Beaufort-Wes ('80) en Kimberley ('75), die verbinding van Port-Elizabeth met Uitenhage ('75), Cradock ('81) en Colesberg ('83), die aansluiting van Naaupoort met De Aar ('84), die bou van 'n spoor van Oos-Londen na Kingwilliamstown ('77) en Aliwal-Noord ('85), ens. Maar hierdie ontwikkeling het grotendeels alleen moontlik geword as gevolg van die ontginning van die diamantmyne, waartoe Rhodes soveel bygedra het, asook weëns sy bepleiting van die opening van die binneland, en vir die verdere verlenging van die noordelike spoorweë was hy meer as iemand anders direk verantwoordelik. Onder sy aansporing is die Kaap-Kimberley-lyn in 1894 na Mafeking en drie jaar later na Boeloewajo verleng en het die Vrystaat die Kaapse regering toegelaat om die lyn van Colesberg oor die Oranjerivier na Bloemfontein en tot by Viljoensdrif op die Vaalrivier te bring (1892). Die Vrystaat het in die tussentyd (1889) in 'n tolunie met die Kaapkolonie getree, en Rhodes se pogings om die Transvaal ook tot aansluiting te beweeg of, as dit dan nie moontlik was nie, om deur die verlenging van die Vrystaatse spoor oor die Vaalrivier na Johannesburg die ekonomiese afsonderingspolitiek van Kruger

BRITSE UITBREIDING EN VEROWERING IN SUID-AFRIKA.

minder voelbaar te maak, was ongetwyfeld bereken om nie alleen die Kaapse hawens nie, maar ook die hele binneland suid van die Vaal- en die Oranjeriviere te bevoordeel. Dit het hom geluk om die toesemming van die Transvaalse regering tot hierdie verlenging te verkry; hy het die geld voorgeskiet, en in 1892 is die Johannesburg-Vereniging-lyn gebou; maar Kruger sou hom hierdeur nie laat beweeg om, soos Rhodes dit wou hê, die hele in- en uitvoerhandel van die Transvaal op die duur oor die Kaapse lyne te laat gaan nie. Vir die republiek was dit van groot belang om 'n korter spoorwegverbinding met die kus te hê, en aangewese weë was deur Natal na Durban en deur Portugese gebied na Lourenço Marques. Toe dit duidelik was dat die Vierkleur nooit oor Kosibaai sou waai nie, het die Transvaalse regering die plan van Burgers weer opgevat. 'n Kon sessie is aan 'n Nederlandse organisasie gegee, en hierdie Suid-Afrikaanse Spoorweg-Maatskappy het die spoor van Delagoabaai na Pretoria en Johannesburg begin aanlê. In 1895 was dit klaar. In dieselfde jaar is ook die Durban-Johannesburg-lyn voltooi, en nou het 'n tariefloorlog begin. Kruger wou die Delagoabaaispoor bevorder, omdat dit op 'n nie-Britse hawe uitloop, asook omdat dit vir 341 myl deur Transvaalse gebied gaan, terwyl die afstand van Johannesburg na Vereniging slegs 49 myl is. So hierdie suidelike verbinding, wat betreklik min vraggeld vir die S.A.S.M. kon oplewer, was ook die spoor oor Natal vir die Transvaal verkiesliker, want dit het tog vir 178 myl binne die republiek gelê; en albei die oostelike hawens was natuurlik veel nader as die Kaapse. In 1895 verhoog die Transvaalse regering die tariewe op die stukkie spoor tussen Johannesburg en Vereniging, om die verkeer na die oostelike lyne te keer. Die antwoord van die suidelike handelaars was om hulle invoerartikels by Viljoensdrif af te laai en met ossewaens deur die Vaalrivier na die Rand te bring. Hierop sluit Kruger die driewwe. 'n Groot opskudding in die Kolonie het gevolg, en die gevoel teen die Transvaal het hoog geloop. Kruger het ingesien dat hy die sluiting van die driewwe nie sou kon volhou nie, en het dit dus gou weer opgehef, maar die ekonomiese wrywing tussen die Kaapkolonie en die noordelike republiek het voortgeduur.

Dit was Rhodes se plan gewees om die weg tot die politieke vereniging van al die Suid-Afrikaanse kolonies en state te baan, deur hulle almal onder een tolunie te bring. Die onverbidde like verset van Kruger hierteen het hom nou na ander middels laat omsien; en teen die jaar 1895 het hy ook om ander redes baie haastig begin word om die Britse gesag oor die Transvaal uit te brei. In hierdie tyd was dit reeds duidelik dat die verwagtings van die goudsoekers nie in Rhodesië verwesenlik sou

word nie, en dat die Witwatersrand vir 'n onafsienbare tyd verreweg die belangrikste goudmynsentrum van die wêreld sou bly. Na 1890, met die toenemende betekenis van die Transvaalse goudindustrie, het die aggressiewe imperialiste meer en meer hulle aandag op één mikpunt gekonsentreer, nl. om aan Kruger se heerskappy 'n end te maak en in sy land oorheersende politieke seggenskap te verwerf, en Rhodes was ook hierby die eintlike leier. Kort na die ontdekking van die Witwatersrandse goudrykdom in 1886 het hy en ander geldmanne van Kimberley kapitaal in die ontginning van die goudmyne belê, en Rhodes, wat as Kaapse eerste minister en voorsitter van De Beers en die „Chartered Company” buitekant die Transvaal 'n dominerende posisie ingeneem het, en in sake soos die tolunie en spoorweë reeds groot pressie op die Transvaalse regering kon uitoefen, begin ook nou indirek deur sy verbinding met die kapitaliste van Johannesburg in die inwendige politiek van die republiek sy invloed voelbaar te maak. Die stryd tussen die ideale van Rhodes en Kruger, wat totnogtoe aan die Transvaalse grense sy verloop gehad het, word nou nie langamerhand nie, maar taamlik gou tot 'n punt binne die republiek gebring.

Hierdie vinnige verskuiwing van die wrywingsterrein is die gevolg gewees van die snelheid, waarmee die goudindustrie ontwikkel, en van die omwentelings wat dit veroorsaak het. Die ontdekking van diamante het die Kaapkolonie en 'n groot deel van die Vrystaat uit 'n byna kroniese depressie gered en die eerste groot stoot tot die opening van die binneland deur spoorweë gegee; maar die ontdekking van goud op die Witwatersrand het veel meer gedaan. Dit het die hele ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika in nuwe bane gelei. Van al die keerpunte in ons geskiedenis is die jaar 1886 miskien die belangrikste. Voortaan was daar 'n groot en steeds toenemende binnelandse mark, waarmee die ander dele van die land en veral die kusstede so gou soos moontlik in snelle verbinding wou tree, en die spoorweguitbreiding het dus 'n verbasende tempo gekry. En uit hierdie sentrum van rykdom is 'n deel van die skatte, wat daaruit gehaal is, in alle rigtings oor Suid-Afrika versprei, sodat verafwonende boere ook nou, en byna vir die eerste keer, geld had om hulle bedryf op meer moderne grondslag voort te sit. Geld, wat voorheen in groot dele van ons land skaars as 'n behoefte gevoel was, word ook nou by ons die algemene maatstaf van rykdom en armoede en 'n noodsaaklike vereiste vir alle ekonomiese ondernemings. Dit was veral as gevolg van die ontginning van die goudmyne dat die Afrikaanse volk as geheel in minder as één geslag verplig geword is om aan 'n ekonomiese toestand, vergelykbaar met dié wat ons in die tyd van De Mist

BRITSE UITBREIDING EN VEROWERING IN SUID-AFRIKA.

hier aangetref het, vaarwel te sê en om hom by die ingrypende veranderings, wat geldverkeer onvermydelik teweegbring, aan te pas.

As ons aan Suid-Afrika in die algemeen dink, soos dit was voordat ons minerale rykdom ontdek was, dan sou hierdie oorgang weens sy onafwendbare snelheid nie anders as merkwaardig kon gewees het nie. Veel meer as bloot merkwaardig het dit egter in werklikheid geword. In die hoogste sin dramaties en selfs tragies moes die ontwikkeling word, wat deur die opkoms van Johannesburg veroorsaak is, omdat die goudstad juis in die Transvaal, die land van die veeboerpionier, waar Paul Kruger die erfenis van die Voortrekkers ongeskend wou bewaar, verrys het.

Die ontdekking van goud het binne 'n baie kort tyd die Transvaal van 'n ekonomies onontwikkelde en arm land tot 'n ryk land gemaak. Aan die begin van 1886 het Kruger geen ander kans gesien om die republiek vooruit te help as deur die sluiting van 'n tolunie met die Kaapkolonie nie, en hy het hom daartoe bereid verklaar. Destyds was die kolonialers egter nie dadelik gereed om hulle lot op 'n ekonomiese gebied met dié van die arm veeboere van die noordelike binneland in te werp nie. 'n Paar maande later sou hulle dit graag gedaan het, maar toe was dit te laat. Die skatte van die Rand was ontdek, en die Transvaalse regering uit sy geldsorge vir altyd verlos, wou van 'n tolunie niks meer hoor nie. Die republiek het nou geld gehad meer byna as wat dit kon gebruik, maar hierdie onverwagte welvaart het ander en veel groter sorge vir dié regering veroorsaak. Uitlanders het in duisende die land ingestroom, en aangesien hulle meesal Brits van herkoms of gesindheid was, het Paul Kruger gevrees dat, as die ou maklike manier om burgerskap te verkry in die republiek bly voortbestaan, die vreemdelinge weldra die kinders van die Voortrekkers sou oorstem. Hy kon wel onrustig wees, want volgens die bestaande wet kon 'n nuwe immigrant burger van die republiek word na 'n vyfjarige verblyf daarin. In 1890 is dit verander. Die veerste verblyftyd is tot veertien jaar verhoog, en die gevaar van te veel nuwe burgers het feitlik nie meer bestaan nie. Om die Uitlanders egter enigszins te bevredig, is hulle toegelaat om na twee jaar 'n beperkte burgerskap te verkry. Dit het hulle die reg gegee om vir lede van 'n nuwe liggaam te stem, die sogenaamde Twede Volksraad; maar hierdie raad was bloot adviserend, en die duisende van Johannesburg moes herus in 'n reëling, waarvolgens hulle deelname aan die regering feitlik uitgesluit was. Hulle wou dit nie doen nie, en onder die leiding van 'n aantal geldmanne is 'n „Reform“-beweging in

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

Johannesburg op tou gesit.

Die agitاسie was veral teen Kruger gerig, omdat hy teen alle tegemoetkominge op konstitusionele gebied gekant was, maar hy het op slot van sake slegs uiting gegee aan die oortuigings van die meerderheid van die stemgeregtigde burgers. Piet Joubert, die leier van 'n minder konserwatiewe party, het nie daarin geslaag om die presidentskap uit sy groot teenkandidaat se hande te ruk nie en moes met sy pos as kommandant-generaal tevrede wees. Baie klagtes en beskuldigings is teen Kruger en sy regering ingebring. Dis b.v. beweer dat die administrasie ondoeltreffend en korrup was; en dit sal wel waar wees dat, soos alles wat die mens tot stand bring, die Transvaalse regering nie volmaak was nie; maar dit is vandag nie meer te betwyfel nie dat onder Kruger se bewind wet en orde in die Transvaal behoorlik gehandhaaf is en die onderwys goeie vooruitgang gemaak het en dat, niteenstaande enkele monopolies, wat aan sekere firmas gegee is, die sogenaamde konsessies, daar 'n ruime mate van ekonomiese vryheid bestaan het. Die bloeiende toestand van die republiek was wel in die eerste plek die gevolg van die ontginning van die goudmyne, maar Kruger en sy regering het ook hulle deel daartoe bygedra. Hulle het veral aan die staat dié sterk en vaste fondament gegee, waarsonder blywende vooruitgang nie moontlik is nie. Die ou president was op slot van sake groot genoeg om in 'n land vol van die mees ingewikkelde moderne probleme en moeilikhede die teuels goed in die hand te hou, en hy was verstandig genoeg om uitstekend bekwame manne tot raadgewers uit te soek. Vir ds. S. J. du Toit, wat op sy ou dag 'n vurige aanhanger van Rhodes geword het, het hy laat val, maar dit het hom nie 'n afskrik van geleerde, vakkundige adviseurs gegee nie. Dr. Leyds uit Holland het sy staatsekretaris of eerste minister geword; advokaat Jan Smuts, afkomstig uit Malmesbury, was sy staatsprokureur; en president Reitz, die opvolger van Jan Brand in die Vrystaat, het uit sy presidentstoel daar sitting in Kruger se uitvoerende raad geneem. Met hierdie en ander „geleerde” manne het hy goed saamgewerk, en deur sy kragtige persoonlikheid, menskundigheid, skerp verstand en deursig het hy hulle agting verwerf. Hy het eintlik net met een hoogstaande dienaar van die republiek in botsing gekom. Dit was hoofregter Kotze, 'n benoemeling van president Burgers, en Kruger het nie alleen die oorwinning in hierdie stryd behaal nie; hy het ook die juiste konstitusionele standpunt verdedig. Kotze wou hom nl. die reg aanmatig om volgens die voorbeeld van die Amerikaanse hoë geregshof die besluite van die volksraad te toets en desnoods deur sy uitspraak te ontkragtig.

Kruger het om hierteen versit, en Kotze moes aftree. Hy is natuurlik voorgestel as 'n slagoffer van Transvaalse wanregering.

Ons het reeds gesien dat die spoorweg- en tariefkwessies in 1895 'n kriesis veroorsaak het. Hierdie kriesis het 'n groot deel van die Afrikanerdom buitekant die Transvaal, veral weëns Kruger se sluiting van die driuwe, maar ook as gevolg van 'n gevoel dat die ingevoerde Hollander-element in die Transvaal te veel seggenskap daar geniet, taamlik koud teenoor die Transvaalse regering gemaak; maar voor die end van die jaar het 'n ander kriesis opgekom, wat onmiddellik 'n geweldige omslag in die openbare mening met betrekking tot Kruger se bewind veroorsaak het, en hom en sy volk die simpatie van byna al sy taalgenote, asook baie Engelse, verwerf het. Rhodes het haastig geword, en sy trawant in Rhodesië, dr. Jameson, was nie meer te keer nie. Tussen hulle en die „Reformers” in Johannesburg was afgespreek, dat die leiers van die „Chartered Company” 'n troepemag oor die grens sou stuur na die goldstad, waar gelyktydig 'n opstand in die lewe sou groep word. Op 29 Desember 1895 trek Jameson met 500 man die Transvaal in, maar alles het anders uitgeloop as wat die samesweerders verwag het. Die opstand in Johannesburg het nie uitgebreek nie, en voordat Jameson die stad kon bereik, is hy op 2 Januarie 1896 by Doringkop deur 'n kommando onder generaal Cronje vasgekeer, en sonder dat enige ernstige vegtery plaasgevind het, het Jameson gekapituleer.

Hierdie strooptog het verreikende gevolge gehad. Jameson en 'n aantal van die leiers onder die „Reformers” is in hegtenis geneem, maar Kruger het hulle aan die Britse regering uitgelewer. Hulle het met nominele strawwe daarvan afgekom, en 'n sogenaamde ondersoek, deur die Britse parlement ingestel, wat onder die leiding van Chamberlain, die minister van kolonies, plaasgevind het, was vir die hele Afrikanerdom en onder wye kringe in Amerika, Engeland en Europa 'n verdere bewys dat die Britse imperialisme in Suid-Afrika daarop uit was om die Transvaal te verower en die goudmyne van die Witwatersrand in besit te kry. Rhodes se medeplegtigheid aan die „Raid” kon deur die parlementêre kommissie nie heeltemal ontken word nie, maar belangrike getuienis is deur Chamberlain agtergehou, en die indruk was algemeen dat ook hy nie in onkunde omtrent Rhodes se planne verkeer het nie en graag die aanval op die Transvaal sou sien geluk het. Rhodes moes onmiddellik sy betrekkinge as eerste minister van die Kaap en voorsitter van die „Chartered Company” neerlê; en byna die hele Afrikaanssprekende volk het in hom en sy werklike

en vermeende helpers en handlangers hulle grootste vyande herken. In die jare wat na 1881 verbygegaan het, het die Afrikaanse nasionalisme weer ingesluimer; die eerste taalbeweging het doodgeloop en is deur ds. S. J. du Toit se politieke omswaai nog verder in onguns gebring; in huis en kerk het Engels langsaam hand onder Afrikaners 'n bevoorregte posisie begin kry, en as Rhodes en Jameson nie so haastig gewees het nie, sou 'n groot deel van die Afrikaanse volk miskien geangliseer geword het; maar met die „Raid” het daar 'n skielike end aan hierdie geleidelike anglisasie gekom. Nog nooit het die Afrikanerdom so verenig en geesdriffig saamgestaan nie; en ook op politieke gebied was dit sterker as ooit tevore. Die prestige van die Transvaal was geweldig verhoog; met die suster-republiek, waar kort tevore president Steyn vir Reitz opgevolg het, is 'n noue verbond gesluit; en in die Kaapkolonie het die Bond onder Jan Hofmeyr se leiding die steun gehad nie alleen van Afrikaners nie, maar ook van baie Engels-spreekendes. J. X. Merriman, na Rhodes die uitstaande parlementêre figuur onder die Engelssprekende bevolking van die land, het in 'n kabinet, waarvan W. P. Schreiner die hoof was, gesit, en dit was die Bond wat vir hulle en hulle kollegas setels gegee en verhoog het.

(b) *Die Oorlog.* Chamberlain was nie van plan om die opperheerskappy van die Afrikanerdom in Suid-Afrika te laat voortbestaan nie, en die onbuigsame houding van Kruger teenoor die aanspraak van die Uitlanders op meer politieke regte in die Transvaal het hom die kans gegee om met die hele mag van die Britse imperialisme agter hom die stryd van Rhodes voort te sit. In 1897 stuur hy 'n baie bekwame en deurtastende geesgenoot as hoë kommissaris en goewerneur na die Kaap. Dit was sir Alfred Milner, en dit het nie lank geduur nie, of hy laat duidelik blyk dat hy gekom het om die rusie met die Transvaal weer op te vat. Hy tree in onderhandeling met Kruger, asof die Britse koningin nog soos voor 1884 suserein oor die republiek is, en hy eis konstitusionele en ander veranderings in die Transvaal om die sogenaamde griewe van die Uitlanders uit die weg te ruim. In Junie 1899 vind in Bloemfontein op aandrang van president Steyn 'n onderhoud tussen die hoë kommissaris en die Transvaalse president plaas. Oënskynlik was die belangrikste geskik tussen hulle nie onoplosbaar nie. Kruger was gereed om stemreg aan die Uitlanders te gee na 'n sewejarige verblyf, en Milner het op 'n vyfjarige aangedring; maar dit was veel meer as 'n kwessie van stemreg wat hier aan die orde was. Die Britse imperialisme wou seggenskap in die Transvaal verwerf, en Kruger wou dit nie toelaat nie.

Hieruit het die oorlog ontstaan.

Britse troepe is in die tussentyd na Suid-Afrika vervoer, en om te voorkom dat daar uiteindelik 'n groot militêre mag op die grens lê, stuur die Transvaalse regering op 11 Oktober 'n ultimatum aan Engeland, met die eis dat die troepe teruggetrek moes word. Dit was gelykluidend met 'n oorlogsverklaring, en die Transvaalse regering was daar natuurlik bewus van, maar aangesien die oorlog tog onvermydelik was, het die Transvalers en die Vrystaters (want hulle sou getrou aan hulle verbond hul broers bystaan) tereg gemeen dat dit verstandiger was om te begin, voordat daar 'n oorweldigende oormag van Britse troepe in Suid-Afrika was.

Die twee republieke het oor hoogstens 60,000 weerbare manne beskik, en weëns die feit dat die plase tog ook aan die gang moes gehou word, was daar selfs in die begin veel minder as hierdie getal gelyktydig aan die front. Later het die republikeinse strydmagte as gevolg van verliese ens nog veel kleiner geword, en teen die end van die oorlog was hulle wat ammunisie betref, vrywel van buit afhanklik. Die Engelse daarenteen het betreklik gou 100,000 troep in Suid-Afrika gehad, en hierdie getal het tot 'n kwart-miljoen aangegroei. Daarby was hulle oneindig beter van artillerie voorsien as die republikeine. Die algemene gedagte in Engeland was dat die oorlog in 'n paar maande sou oor wees, maar tot verbasing van die hele wêreld het dit meer as twee en 'n half jaar geduur, en het die burgerkommando's gedurende die eerste vier maande in 'n reeks van skitterende oorwinnings sulke groot voordele behaal, dat dit waarlik daarna begin lyk het asof die uiteindelijke oorwinning nie weer uit hulle hande sou kon geruk word nie. In Natal het generaal Joubert 'n Engelse strydmag in Ladysmith vasgekeer, en pogings van generaal Buller om met nuwe versterkings Ladysmith te ontset, is met groot verliese by Colenso en Spioenkop teruggedraan. In hierdie gevegte het generaal Botha as regterhand van die kommandant-generaal op die voorgrond getree, en na Joubert se dood, 'n paar maande na die begin van die oorlog, het hy hom opgevolg. Daar was 'n tydstop op die Natalse front, toe die kommando's deur vinnig op te ruk nog groter voordele kon behaal het, maar generaal Joubert het die eerste oorwinnings nie na vermoë uitgebuit nie. Die Boere het rondom Ladysmith bly lê, totdat die Engelse oorweldigende versterkings kon aanvoer. Op die suid- en wesfront het dieselfde gebeur. Kimberley was ingesluit, en lord Methuen op sy weg daarheen om die stad te ontset, het by die Modderivier en Magersfontein groot neerlae gely. Omstreeks dieselfde tyd is generaal Gatacre, wat die kommando's

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

uit die noordelike dele van die Kolonie moes terugstoot, in die Stormberge verpletterend verslaan. Die hele Kolonie het vrywel oopgelê vir 'n groot republikeinse aanval, en baie kolonialers sou waarskynlik by die kommando's aangesluit het, want die nasionale geesdrif onder hulle het onstuimig opgevlam, maar generaal Cronje, die eintlike Boerebevelvoerder op hierdie front, het Joubert se taktiek gevolg, en die kans op 'n suksesvolle en miskien beslissende veldtog in die Kolonie het ongebruik verbygegaan.

Die Britse regering het in die tussentyd ingesien dat die oorlog veel groter kraginspanning van sy kant vereis, en gesteun deur die groot massa van die bevolking van Brittanje, asook van die selfregerende Engelssprekende kolonies, het Chamberlain en sy kollegas die Britse leermagte in Suid-Afrika uit Engeland, Kanada, Australië en Nu-Seeland geweldig versterk. Gelyktydig is die beste militêre aanvoerders in die Britse ryk daarheen gestuur. In Februarie 1900 neem lord Roberts, wat in Afghanistan roem verwerf het, die opperbevel oor, en lord Kitchener van Khartoem was sy regterhand.

Die omslag het gou gevolg. Kimberley en Ladysmith is ontset, ook Mafeking, wat deur kolonel Baden-Powell vir 218 dae heldhaftig verdedig was. Op 27 Februarie kapituleer Cronje met 3,700 man by Perdeberg in die suidelike Vrystaat, en Roberts trek Bloemfontein in. In Junie was hy in Pretoria, en hy het gemeen dat die oorlog gewen was. Hy verlaat dus Suid-Afrika voor die end van die jaar, en dra die opperbevel aan Kitchener oor. Roberts se berekening was egter verkeerd 'n Nuwe fase van die oorlog het begin. In klein en vinnige, beweeglike afdelings versprei, het die Boere die stryd vir nog byna twee jaar voortgesit, en manne soos generaals De Wet en De la Rey het getoon dat hulle meesters in hierdie soort van vegtery was. Generaal Botha het die algemene leiding in die Transvaal gehad, en onder hom en sy twee groot geniale helpers was 'n reeks van bekwame offisiere, waaronder bekende figure soos Hertzog, Smuts en Kemp aangetref word.

Oor die lengte en breedte van die land, tot in Somers-Oos, Graaff-Reinet, Worcester en Malmesbury het die kommando's deurgedring, en Kitchener het gedurig in die gevaar verkeerd dat sy verbindingslyne sal afgesny word. Met blokhuse en steekdraadversperrings het hy die spoorweë probeer beveilig, maar die Boere het hulle nie daardeur laat keer nie, en veral De Wet en De la Rey het die kuns verstaan om deur vinnige en onverwagte aanvalle groot verliese aan die Britse troepe te besorg. Eindelik het Kitchener geen ander kans gesien om die vernet van die Boere te breek nie, as om wyd en

BRITSE UITBREIDING EN VEROWERING IN SUID-AFRIKA.

syd die plase te verniel. So sou die kommando's met uithon-
gering bedreig word. Gelyktydig is hulle vroue en kinders in
konsentrasiekampe gebring, waar sowat 27,000 van hulle ge-
sterf het.

Dit was nou 'n verwoestings- en vernietigingsoorlog, en die
Boere het eindelijk dit nie meer raadsaam gevind om daarmee
voort te gaan nie. Die verwagting dat ander Europese state vir
hulle sou intree, het ydel gebyk. Hulle heldhaftigheid het die
geesdriftige bewondering van die wêreld verwek, en hulle had
rede om te hoop dat die Duitse keiser iets vir hulle sou doen.
Dit was Wilhelm II, die kleinseun van die vors, wat in Ver-
sailles die keiserlike kroon ontvang het, 'n man met 'n hoë dunk
van sy eie bekwaamheid en roeping en vasbesluit om as heerser
werklik self iets te presteer (daarom het hy vir Bismarck ont-
slaan), maar enigsins onberekenbaar en tot dramatiese aksies
geneig. Hy het b.v. na die Jameson-strooptog 'n telegram van
gelukwensing aan President Kruger gestuur en hom feitlik
steun beloof. Maar hoe graag die Duitsers, Franse en Russe
ook vir die Boere wou help, hulle regerings kon 'n breuk met
Engeland nie waag nie, want die Britse oppermag op see was
te groot, en buitendien het hulle onderlinge geskille samewer-
king onmoontlik gemaak. Deur sentimentele bewondering vir
die Boere sou die Franse tog nie daartoe gebring word om te
vergeet dat die vernedering van Duitsland en die herverowe-
ring van Elsa-Lotharinge hulle eerste groot nasionale plig op
militêre gebied was nie. Geld is dus in groot somme in Europa
en Amerika vir die Boere versamel en 'n aantal vrywilligers uit
Holland, Frankryk en Duitsland het by hulle kom aansluit,
maar die regering was nie tot ingryp te beweeg nie. Die Boere
moes toe eindelijk die wapens neerlê, en op 31 Mei 1902 is die
Vrede van Vereniging gesluit. Die twee republieke het onder
Milner Britse kroonkolonies geword, maar die belofte is gedaan
dat selfregering so gou soos moontlik aan hulle gegee sou word.
Rhodes se ideaal was verwesenlik. Die Britse vlag het van
die Kaap tot aan die Limpopo oor Suid-Afrika gewaai. Maar
teen watter koste! Duisende en nogmaals duisende van graftes
en grafies, van afgemaaide en verminkte lewens, strome van
bloed en tranes, verwoesting en ellende was die prys! En afge-
sien van sy verliese aan onherstelbare menslike kragte, het Enge-
land met £250,000,000 vir sy aggressiewe imperialisme in Suid-
Afrika betaal.

Ook in sy uitwerking het die oorlog verskriklike nadele tot
gevolg gehad. 'n Groot deel van die Afrikaanse volk, wat reeds
weëns die vinnige omswaai in ons ekonomiese verhoudings, wat
deur die ontdekking van diamante en goud veroorsaak was, as-
ook weëns droogtes en sprinkane onder verarming gely het, kon

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA.

na die vrede nie weer op hulle bene kom nie, en die geleedere van die armeblankedom, oorspronklik oorweënd 'n produk van goedkoop gekleurde arbeid, het ongelukkig 'n groot vermeerdering gekry. En dan moet ons ook nog dink aan die rassehaat wat uit die stryd tussen Boer en Brit gebore is. Maar uit kwaad kom ook altyd goed te voorskyn. In sy geheel is Rhodes se ideaal tog nie verwesenlik nie; en 'n mens kan sê dat juis die beste voordele van wat hy en Kruger beoog het, deur die oorlog bereikbaar gemaak is. Die politieke en ekonomiese verniging van Suid-Afrika kon nou volg, en in hierdie eenheidstaat sou die Afrikanerdom geen veragtelike posisie beklee nie. Intendeel, die Afrikaanse volk het in baie opsigte versterk en gelouter en verjong uit die smeltkroes gekom. Duisende Boere wat na Seilon, Sint-Helena, en die Wes-Indiese eilande as krygsgevangenes gestuur was, en baie ander wat in Amerika en Europa op die vlug rondgeswerf het, het met 'n verruimde blik, nuwe idees en verhoogde selfrespek na Suid-Afrika teruggekeer; en uit sy grootste nasionale ontwaking het die Afrikanerdom op kultuurgebied 'n ongekende bloeiperiode tegemoet gegaan. Die eerste gedigte van Jan Celliers, Leipoldt en Totius is onder die invloed van hierdie ontwaking geskrywe, en die Tweede Afrikaanse Taalbeweging, wat vir die volkstaal van die Boer volle regte sou verower, is uit die oorlog gebore.

Die end van dit alles het die twee groot kampvegters nie beleef nie. Rhodes, wat die beleg van Kimberley deurgemaak het, was reeds 'n gebroke man, en in 1901 het hy in sy klein huisie in Muizenberg sy laaste asem uitgeblaas. Sy testament het bewys dat hy tot die end aan sy ideale getrou gebly het. Groot-Skuur is sy gif aan die verenigde Suid-Afrika, wat hy self nie gesien het nie, en hoog op die Matoppo's by Boeloewajorus hy op die pad van die noordelike uitbreiding, waarop sy oog altyd gerig gebly het.

Paul Kruger, wat in 1900, toe die oorlog te beweeglik geword het en daar gevaar was, dat sy gevangename vir die republiek baie nadeel kon berokken, na Europa uitgewyk het, het kort na die Vrede van Vereniging in Switserland gesterf—vas in sy vertrouwe dat God op Sy eie manier en tyd alles vir sy volk nog sal regmaak. En ook sy verwagting is nie teleurgestel nie. In Pretoria, waarheen sy lyk gebring is, staan sy standbeeld, die meesterstuk van Van Wouw, en in brons gegiet, soos hy ook van karakter was, kyk hy oor die noordelike hoofstad van die Unie na ons pragtige regeringsetel, skilderagtig uitgestrek langs Meintjieskop; en ons kan ons voorstel dat hy tevrede sou gewees het, want in die groot vaderland van die Afrikaanse volk, wat van uit die Uniegebou geadminstreer word, word die taal en tradisies van die Voortrekkers in ere gehou.

GESKIEDENIS VIR SUID-AFRIKA (DEEL II.)

ZA 968 GIE